

# Studentesake

## Geslagsgeweld

### Wat is Geslagsgeweld (GG)?

Daar is baie definisies van GG, maar die volgende is die definisie wat wêreldwyd die aanvaarbaarste is: "Violence that is directed at an individual based on his or her biological sex OR gender identity" [Geweld teenoor 'n individu op grond van sy of haar biologiese geslag OF genderidentiteit] (Ott, 2017). GG behels enige vorm van geweld en mishandeling wat die volgende veroorsaak:

- vrees
- liggaamlike besering
- emosionele skade
- dwang om iets teen iemand se wil te doen
- dood

GG behels ook geweldsdade teen vroue, mans, seuns of meisies as gevolg van sosiale norme oor die rolle en gedrag van elke geslag. Dit kom dikwels voor in verhoudings. Alhoewel mans en seuns ook aan mishandeling en geweld onderwerp word, word vroue en meisies meer dikwels daardeur benadeel as gevolg van magswanbalanse en die lae sosiale status wat die samelewing hulle toeken. Hierdie faktore lei dikwels tot diskriminasie en ontkenning van geleenthede in verskillende lewensfere.

- Groepe wat veral kwesbaar is sluit in:
- vroue en meisies
- kinders
- ouer mense
- lesbiese, gay, biseksuele, transgender, queer/questioning, interseksuele, aseksuele en meer (LGBTQA+) mense (Nkonyane, 2019)

### Waarskuwingstekens van GG

Hierdie is die algemene tekens en simptome van GG, meestal in 'n verhouding. Die lys is egter eindeloos, want sommige vorme van GG is subtiel en het nie noodwendig sigbare tekens nie.

- Erge jaloesie
- Besitlikheid
- Onvoorspelbaarheid
- Humeurigheid
- Wreedheid teenoor diere
- Verbale mishandeling
- Uiterste beherende gedrag
- Verouderde opvattings oor vroue en mans se rolle in verhoudings
- Geforseerde seks of verontagsaming van lewensmaat se onwilligheid om seks te hê
- Saboteer geboortebeperkingsmetodes of weier om ooreengekome metodes te gebruik
- Blameer die slagoffer vir enigiets sleg wat gebeur
- Saboteer of of belemmer die slagoffer se vermoë om te werk of skool toe te gaan
- Beheer al die geldsake
- Mishandel ander gesinslede, kinders of troeteldiere
- Aantuigings dat die slagoffer by ander mense aanlê of 'n verhouding met iemand aanknoop
- Beheer wat die slagoffer mag dra en hoe hulle mag optree
- Verkleineer die slagoffer, in die geheim of in die openbaar
- Verkleineer of steek die slagoffer in die skande voor ander mense
- Teister die slagoffer by die werk (NCADV, 2018)

### Vorme van GG

GG kom voor in baie vorme. Die volgende is die algemeenste:

#### Fisies

- Slaan, klap, met die vuis slaan, skop, brand
- Verwurg
- Beskadig persoonlike eiendom
- Weier mediese sorg en/of beheer medikasie
- Dwing lewensmaat om middels te misbruik
- Gebruik wapens

#### Emosioneel

- Uitskel, beledig
- Blameer lewensmaat vir alles
- Erge jaloesie
- Intimidasie
- In die skande steek
- Verkleineer
- Isoleer
- Beheer wat lewensmaat mag doen en waar lewens maat mag gaan
- Teistering

# Geslagsgeweld

## Vorme van GG

I-GBV ingenzeka ngezindlela ezehlukene. Lezi zindlela ezivame kakhulu:

### Seksueel

- Dwing lewensmaat om met ander mense seks te hê (mensehandel)
- Gaan voort met seksuele dade wanneer die slagoffer nie ten volle bewus is nie of bang is om nee te sê
- Maak lewensmaat fisies seer tydens seks
- Dwing lewensmaat om sonder voorbehoedmiddels seks te hê/saboteer geboorte-beperkingsmaatreëls

### Tegnologies

- Dring lewensmaat se epos en persoonlike rekeninge binne
- Gebruik volgtoestelle op lewensmaat se selfoon om plek te bepaal en telefoon oproepe en boodskappe te monitor
- Monitor interaksies op sosiale media
- Dring daarop aan om te weet wat lewensmaat se wagwoorde is

### Finansieël

- Berokken fisiese skade of beseer sodat die persoon nie werk toe kan gaan nie
- Teister lewensmaat by werksplek
- Beheer finansiële bates en plaas lewensmaat prakties op 'n toelaag
- Beskadig lewensmaat se kredietelling

## Behandeling ná Seksuele Aanranding

Nadat iemand seksueel aangerand is, is dit belangrik dat hulle mediese behandeling ontvang. NA-BLOOTSTELLING PROFILAKSE (PEP) is behandeling vir die slagoffers van seksuele aanranding om hulle risiko te verlaag om MIV te kry. Wanneer iemand seksueel aangerand is en die MIV-status van die aanvaller is nie bekend nie, kry die slagoffer behandeling asof die aanvaller/s MIV-positief is. Dit verseker dat alle moontlike voorkomingmaatreëls geneem word om die kanse te verminder dat die slagoffer van seksuele aanranding MIV kry. Enigiemand wat seksueel aangerand is, moet PEP kry. Dit sluit in vroue, mans en kinders (beide seuns en meisies) wat dit binne 72 ure aanmeld en MIV-negatief is.

### PEP bied die volgende voordele:

- Voorkoming van seksuele oordraagbare infeksies, insluitend MIV
- Voorkoming van ongewenste swangerskap as gevolg van verkragting
- Voorkoming van Hepatitis-B-infeksie
- Verwysing vir psigososiale sorg

### *Watter behandeling is beskikbaar?*

Die behandeling is in die vorm van tablette vir volwassenes en stroop vir kinders. Hierdie medikasie moet oral geneem word, soos voorgeskryf, twee of drie keer per dag.

Wanneer moet die medikasie geneem word?
Dit moet so gou as moontlik geneem word, MAAR binne 72 ure (3 dae) ná die aanranding. Die medikasie moet vir 'n tydperk van 28 dae geneem word.

### *Het die medikasie newe-effekte?*

Daar kan newe-effekte wees, soos kopseer, moegheid, velu-itslag, 'n lopende maag en naarheid, wat behandelbaar is. Dit is BAIE belangrik om nie 'n enkele dosis van die medikasie te mis nie, selfs wanneer daar newe-effekte is.

### *Waar kan ek PEP bekom?*

Jy sal 'n MIV-toets doen, en inligting en berading kry oor wat die toets beteken. Jy sal ook berading kry nadat jy die uitslag van die MIV-toets ontvang het. Die uitslag kan binne 30 minute beskikbaar wees nadat jy die toets gedoen het OF jy kan gevra word om terug te keer vir die uitslag, wanneer jy 'n beginnerpak met medisyne vir drie dae sal kry sodat jy daarmee kan begin.

Indien jy positief is, moet jy die medisyne staak. Jy sal ingelig word oor organisasies en mense wat jou kan help om positief te lewe en jou toestand te monitor. Indien die uitslag van die toets negatief is, sal jy die res van die behandeling ontvang. Indien jy van mening is dat dit onmoontlik sal wees om ná die eerste besoek terug te keer, vra die dokter om jou die volle kursus van die medikasie te gee.

### *Waarom moet die medisyne vir 28 dae geneem word?*

Om die risiko te verminder dat jy MIV opdoen, is dit raadsaam om die medisyne vir 28 dae te neem. Jy sal verdere MIV-toetse ná ses weke, drie maande en ses maande ná die verkragting/seksuele aanranding doen. Dit is baie belangrik dat jy die uitslae van die MIV-toetse kry sodat jy bewus kan wees van jou MIV-status.



## Die impak van GG

Die moontlike skadelike impak van hierdie vorme van GG sluit in:

- siekte
- psigologiese, fisiese en emosionele trauma
- ongewenste swangerskap
- seksuele oordraagbare infeksies, insluitend MIV-infeksie
- selfmoord
- depressie
- lae selfrespek
- die dood
- vertragings in studies
- uitval uit studies

## Waar om hulp te kry

Oor die algemeen praat oorlewendes/slagoffers om baie redes nie van die insident nie, insluitende selfblaam, vrees vir weerwraak, wantroue van gesag, en die risiko van/vrees vir herviktimisering. GG veroorsaak vernedering en blaam, sosiale stigma, en dikwels verwerping deur die oorlewende/slagoffer se familie en gemeenskap. Stigma en verwerping kan veral erg wees wanneer die oorlewende/slagoffer oor die insident praat of dit aanmeld.

**Indien jy 'n slagoffer van GG is, is dit belangrik dat jy hulp soek en ontvang. Jy kan die volgende instansies nader:**

- Stop Gender Violence se hulplyn: 0800 150 150 of SMS: 32074 of WhatsApp: 084 922 8808
- Nasionale krisisnommer: 086 132 2322
- Meld verwaarlosing van of GG teenoor 'n kind aan: 0861 4 CHILD (24453)
- SAPD: 08600 10111
- Childline: 08000 55 555
- Meld enige GG teenoor kinders en vroue aan by die Departement Sosiale Ontwikkeling: 0800 220 250
- LifeLine se 24-uur-krisishulplyn: 021 461 1111

## Beleid en wetgewing in Suid-Afrika om mense se regte en waardigheid te beskerm

The Parlement van Suid-Afrika het wette goedgekeur om individue se regte te beskerm teen GG. Lees meer oor hierdie wetgewing om bewus te wees van jou regte. Hierdie wette is:

- Wet op Gesinsgeweld 116 van 1998
- Kinderwet 38 van 2005
- Onderhoudswet 99 van 1998
- Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000
- Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleen thede) Wysigingswet 32 van 2007
  (Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, 2018)

## Unisa se beleid

Unisa is besig om die Beleid oor Seksuele Teistering te hersien. Hierdie beleid sal personeel, studente en besoekers dek. Ander relevante beleide is:

- Studentetugkode
- Diversiteitsbeleid

## Unisa se Studentesake

Ons verskaf die volgende ondersteuningsdienste, streng vertroulik, aan studente:

- Individuele berading en verwysingsdienste.
- Groepberadingsdienste.
- Beradingsdienste vir gesinne en lewensmaats.
- Ondersteuningsdienste vir gemeenskapsbetrokkenheid.
- Bewustheids- and bemagtigingsintervensies.
- Studentegesondheid en -welstandsdienste, portuuropvoedingsondersteuning en sosialenetwerkplatforms.
- Volg ons asseblief op Facebook by: Unisa Student.
- Navorsing oor GG.

**Verwysings**

The National Coalition Against Domestic Violence (NCADV). (2018). Signs of Abuse. Retrieved from: https://ncadv.org/signs-of-abuse

Nkonyane, B. (2019). What is gender-based violence? University of Pretoria. Retrieved from: https://www.up.ac.za/speakoutup/article/2390196/what-is-gender-based-violence

Ott, M. (2017). Series: What Does That Mean? Gender-based Violence. Women for Women. Retrieved from: https://www.womenforwomen.org/blogs/series-what-does-mean-gender-based-violence.

Women Against Abuse. (2019). Types of abuse. Retrieved from: https://www.womenagainstabuse.org/education-resources/learn-about-abuse/types-of-domestic-violence